# Lees die storie op jou eie
## "Read the story on your own"

### Die lelike eendjie

Eendag lank gelede was daar 'n mamma eend wat gewag het vir haar eiers om uit te broei. Al die eiers was wit, behalwe vir een.

Die eiers het gou begin uitbroei en die eend was die trotse mamma van 5 klein eendjies. Maar een eier het oorgebly.

Uiteindelik het die laaste eendjie uitgebroei. Hy was anders as die ander eendjies. Die Lelike Eendjie het weggeloop met die hoop om iewers te bly waar hy voel hy behoort.

Hy ontmoet ander voëls, maar hulle wou nie maats met so 'n vreemde eendjie wees nie. 'n Ou vrou kry die eendjie en sit hom in 'n hok in. Die hen waarsku die eendjie dat sy van plan was om hom te eet.

Die arme eendjie ontsnap en kruip in die riete weg. Hy sien pragtige voëls bo hom vlieg en wens dat hy nes hulle kon wees.

Die winter het gekom en die klein eendjie het baie koud gekry. 'n Boer het hom gekry en het hom tot die lente veilig gehou. Toe lente aanbreuk, het die boer die eendjie na die dammetjie geneem en hom vrygelaat. Iets wonderliks het gebeur, die eendjie het in 'n pragtige swaan verander!

LIVEWORKSHEETS